

Koring *fokus*

VOL 44.2

MARCH • APRIL 2026

Wheat *focus*

**CULTIVAR EVALUATION:
irrigation &
winter rainfall**

Stabiliteit lê die grondslag vir koringsukses

IS TORDO

- Groeiseisoenlengte: Medium-lank
- Relatiewe dae tot 50% blom: 110 DAE
- Relatiewe dae tot fisiologiese rypheid: 150
- Relatiewe dae tot stroop: 166 DAE

GRAANKWALITEIT

- Proteïne: Goed
- Hektolitermassa: Hoog

PLANTDIGTHEID

- 45kg/ha – 80kg/ha

KULTIVAREIENSKAPPE

- **Stoelvermoë:** Hoog
- **Omval weerstand:** Baie goed
- **Koue verdraagsaamheid:** Goed
- **Stamroes:** Verdraagsaam
- **Geelroes:** Matig verdraagsaam
- **Blaarroes:** Verdraagsaam
- **Fusarium:** Goed verdraagsaam



COVER

The National Wheat Cultivar Evaluation Programme of 2025 provides data to producers for informed decision making. LG Albatros was one of 21 irrigation cultivars in the programme. Full report on page 18.

Photo: Limagrain.

Wheat Focus / Koringfokus

Six issues per year published.

Contents determined in co-operation with industry role players such as the ARC-Small Grain, SA Grain Information Service and SA Grain Laboratory.

Wheat Focus is available to bona fide small grain producers free of charge.



MEDIAKOM

Publisher and owner

Contact details for editorial contributions, advertisements and subscriptions:

Mediakom
PO Box 20250
Noordbrug
2552

Tel: 018 293 0622
 info@mediakom.co.za
 www.mediacomcc.co.za

EDITOR: Willie Louw
ADVERTISEMENTS: Jana Greenall
 082 780 9914

DESIGNER: Mercia Venter
 - studio.chatnoir@gmail.com

© Copyright: All rights reserved in pursuance of Article 12(7) of the Act on Copyright 1978 and any amendments. All trademarks, brand names, graphic images and photographs are the property of their respective owners. Opinions and claims expressed in articles and advertisements do not necessarily portray the opinion of the publisher and contributors, nor that of organisations involved.

Koringfokus

Wheat focus

VOL 44-2

MARCH • APRIL 2026

THE INDEPENDENT SPECIALIST MAGAZINE
 FOR THE SMALL GRAIN INDUSTRY FOR THE
 PAST 44 YEARS

AGRI-INFO

- 5 Wandile Sihlobo aangewys as landbou-gesant
- 5 In memoriam: Geoff Penny, Alwyn Dippenaar
- 6 Graan SA waarsku koringkrisis is struktureel - versoek dringende ingryping
- 8 Tye van koringinvoer en tariefreaksie
- 8 Geen vee met BKS-risiko vanjaar by Nampo
- 8 Uitstallers moet spring vir Nampo Kaap in September
- 10 Growing skills for a stronger grain industry
- 13 ARC researcher and UFS collaborator honoured by Wheat Focus
- 29 New entity focusses on agriculture

SMALL GRAIN

- 11 Nuseed Ceres IMI – 'n Unieke opsie vir uitdagende kanolaseisoene
- 12 Geen kitsoplossing vir produsente se koringknyptang nie
- 14 Kanola-pakket wys sy staal in uitdagende 2025-seisoen
- 18 2026 cultivar recommendations under irrigation conditions
- 22 Uitdagings van die Wes-Kaapse koringboer – Hoe nou maak?
- 24 The 2025 winter rainfall cultivar evaluation results for the Western Cape
- 28 Wheat 'farms' humans too

MARKET-INFO

- 4 Koring se invoertarief na lang vertraging aangepas
- 7 Vrystaat, Limpopo se oeste versag die laer produksieskatting
- 30 Winter cereal market information: 2025/26 marketing year

TAKE NOTE



Due to delivery problems with traditional mailing services subscribers and readers are requested to send their e-mail address to info@mediakom.co.za for electronic delivery of WHEAT FOCUS - KORINGFOKUS.



Cultivar evaluation process



Trophy to researchers



Kanola-pakket vir die Wes-Kaap

Koring se invoertarief na lang vertraging aangepas

Koringprodusente en bedryfsorganisasies se versoë om koring se invoertarief tydig en volgens 'n skedule in werking te stel is met die jongste aanpassing weer beklemtoon. Die invoertarief is 13 Februarie 2026 op R619,00 aangepas nadat dit volgens die tariefformule reeds op 25 November 2025 afgekondig kon word.

Die tydperk wat dit neem om die tarief aan te pas nadat dit volgens 'n formule gesneller het, is volgens belanghebendes kommerwekkend. Dit skep nie net onsekerheid in die mark nie maar benadeel ook produsente tydens belangrike produksiefases, soos tydens oestyd en wanneer produksiefinansiering onderhandel moet word.

Die vorige tarief was R851,50 en is na langer as ses weke op 11 Julie 2025 deur die kommissie vir internasionale handelsadministrasie (Itac) in die departement van handel, nywerheid en mededinging afgekondig. Die nuwe tarief het op 25 November 2025 gesneller en is langer as twee maande later afgekondig.

In die 2025-kalenderjaar is die eerste tariefaanpassing van R183,50/ton op 4 April 2025 gemaak, langer as ses maande nadat dit volgens die veranderlike formule aangepas moes word. Die tweede tariefaanpassing van R549,50/ton het op 17 April 2025 gevolg, slegs sowat twee weke na die vorige aanpassing. Die derde aanpassing van koring se invoerheffing in 2025 is op 11 Julie 2025 afgekondig toe die vorige tarief van R549,50/ton verhoog is tot R851,50.

Hoewel daar voldoende plaaslike en internasionale voorraad koring is sodat verbruikers gerus kan wees oor genoeg koring teen redelike pryse, plaas dit terselfdertyd meer druk op produsente. Dié situasie is 'n beduidende uitdaging vir die bedryf en as gevolg daarvan neem versoeke vir 'n hoër invoertarief toe, sê die landbou-ekonoom Wandile Sihlobo.

Uitdagende produksietoestande en finansiële druk op produsente veroorsaak dat maniere ondersoek moet word om die plaaslike koringbedryf te ondersteun en dit terselfdertyd met verbruikers se welstand te balanseer. Volgens Sihlobo is die doel om 'n verandering in die koringtarief betyds toe te pas sodat produsente en verbruikers se behoeftes in balans sal wees.

Die invoertarief is veranderlik en word as 'n basisprys vir koringprodusente gebruik wanneer die internasionale koringprys tot vlakke daal waar dit nie meer vir Suid-Afrikaanse boere lonend of gunstig raak om te produseer nie. Die doel daarvan is om plaaslike produksie te stimuleer en voedselsekerheid te verbeter. Verder was die bedoeling om plaaslike produsente tot 'n mate te probeer afskerm teen gesubsidieerde ingevoerde koring.

Produsente is hoopvol dat die bedryf se posisie gaan ver-

beter na die afkondiging van 'n Artikel 7-komitee deur die nasionale landboubeoordelingsraad (NLBR) in Januarie 2026 op versoek van die Koringforum. Die Koringforum het die NLBR versoek dat vier sake ondersoek moet word, onder meer die samestelling van die invoertarief se verwysingsprys en die snellermeganisme. Die verwysingsprys in die huidige tariefformule is \$279,00/ton.

Rolspelers meen dat die verwysingsprys en invoertarief nie beskerming aan produsente en hul produksie gee teen gesubsidieerde ingevoerde koring soos wat dit met die instelling daarvan beoog was om te doen nie.

Die oorsprong van ingevoerde koring, die gehalte en hoeveelhede daarvan en die tydstip van invoer regverdig volgens sommige rolspelers 'n aanpassing van die tariefformule.

Die Koringforum se versoek aan die NLBR was dat die tarief gereeld op voorafbepaalde datums aangekondig moet word volgens dieselfde werkswyse as die maandelikse brandstofprys. Dit sal sekerheid in die bedryf skep omdat betrokkenes presies sal weet wanneer die tarief van toepassing gaan wees.

Sacota vergader met minister van landbou

Tydens 'n vergadering van die handelaarsvereniging Sacota met minister John Steenhuisen op 4 Februarie 2026 het die graan- en oliesadehandelaars die negatiewe gevolge van onder meer die vertraagde aankondiging van koring se invoertarief herhaal. Hulle het ook verduidelik dat die inwerkingstelling van die tariefvrye invoerkwota met die Europese Unie reeds sedert 1 Februarie vanjaar nie hernu is nie. Dit veroorsaak 'n vertraging met die invoer van koring wat die Suid-Afrikaanse ekonomie en die verbruikers miljoene rand kos omdat skepe met invoervragte by die Durbanse hawe lê en wag.

Volgens 'n verklaring deur dr André van der Vyver, uitvoerende direkteur van Sacota, bepleit hulle meer deursigtigheid in kommoditeitsverhandelinge op die Johannesburgse Effektebeurs. Tydens die vergadering het Sacota ook gesê die proses om fitosanitêre klarings uit te reik is uiters belangrik om markte te kan uitbrei. Met die verwagte groot mielie- en sojabone-oes het Sacota op die ondoeltreffende infrastruktuur gewys met die hoop dat bottelnekke met veral spoorvervoer nie die uitvoer gaan benadeel nie. 📌

Geoff Penny (regs) saam met Crain Binnion, uitvoerende direkteur van die Kamer van Bakwese, tydens die Kamer se algemene jaarvergadering van Julie 2025. Foto: SA Kamer van Bakwese.



Geoff Penny †

Geoff Penny, voormalige uitvoerende direkteur van die Kamer van Bakwese van 2012 tot 2021 is in Februarie 2026 oorlede. Benewens sy verteenwoordiging van die bakkersamer in bedryfsorganisasies en komitees het Penny gehelp met hongerverligting en om voedselvermorsing te verminder. Hy was verder betrokke by die stigting wat kankerbehandeling onder kinders verlig.

In 'n huldeblyk skryf Leanne Goondi, operasionele bestuurder van die Kamer van Bakwese, dat Penny sy lewe met integriteit, menslikheid en algehele toewyding gewy het aan diens in belang van Suid-Afrika se stapelvoedsel- en wyer voedselsekerheidsektor.

“Deur verskillende rolle was Geoff 'n onvermoeide voorstander vir samewerking in die hele waardeketting, opbouende bande met die regering en die bevordering van vaardigheidsontwikkeling in die bak- en graanbedryf.”

Hy was onder meer die Kamer van Bakwese se verteenwoordiger in die Verbruikersraad, direkteur van die SA Graanlaboratorium, bestuurslid van die FoodBev Seta, trustee lid van die Wintergraantrust, bestuurslid van die Koringforum en direkteur van Suid-Afrika se bakbedryfs-konfederasie.

Penny was in die leierskap van Eskort Ltd en besturende direkteur vir Afrika-meulens in die Seaboard Corporation.

Sy gedenkdiens is op 3 Maart 2026 in Rooihuiskraal, Pretoria, gehou. Hy word oorleef deur sy vrou, Lynn, en seun, Grant. 🕊

Wandile Sihlobo aangewys as landbou-gesant

Wandile Sihlobo, die landbousakekamer Agbiz se hoof-ekonomoom, is deur president Cyril Ramaphosa aangestel as sy presidensiële gesant oor landbou en grondsake. Sihlobo is voorheen aangewys as lid van die presidensiële ekonomiese adviesraad.


Volgens 'n verklaring deur die regering se nuusdiens, SA News, is die aanstelling gemaak weens die belangrikheid van landbou in Suid-Afrika se ekonomiese groei, die sektor se herhalende uitdagings en binnelandse en buitelandse groei-geleenthede.

Benewens sy pos by Agbiz is Sihlobo 'n buitengewone senior lektor in landbou-ekonomie aan die Universiteit van Stellenbosch. Hy het meer as 'n dekade se ervaring in die landbousektor en die akademie. Sihlobo het verskeie artikels gepubliseer oor landboubeleid, grondhervorming en voedselsekerheid.

As gesant gaan Sihlobo die president se prioriteite en doelwitte vir landbou, landelike ontwikkeling, grondhervorming en internasionale handel steun. Ter navolging van die presidensie se prioriteite gaan hy nou saamwerk met betrokke departemente.

Sihlobo sal as gesant ook met staatsentiteite soos die Landbounavorsingsraad, die Land Bank en Onderstepoort Biologiese Produkte skakel wanneer dit nodig is om landbouontwikkeling en groeigeleenthede te ondersteun. Bykomend gaan Sihlobo met belanghebbendes soos die privaatsektor skakel om ontwikkeling en voordele te ontsluit.

Die doel van sy pos as gesant is om die presidensie se prioriteite te bevorder om beperkings in landbougroei en mededinging te oorkom, en die se sektor se insluiting en uitvoerprofiel te bevorder. 🕊



Wandile Sihlobo

Alwyn 'differensiaal' Dippenaar †

Die groot kampvegter teen die liggingsdifferensiaal wat koringprodusente benadeel, Alwyn Dippenaar (86), is op 22 Februarie 2026 oorlede. Hy was op alle moontlike maniere onstuitbaar om die onregverdigde nadeel wat die differensiaal vir Wes-Kaapse produsente en hul produsenteprys vir koring veroorsaak het reg of weg te kry.

Dippenaar en sy seuns, Rossouw en AJ, het op die plaas Langkloof naby Riebeek-Wes met gemengde graan, vee en

amandels geboer. Hy het ook 'n boerdery met vee en graan in die Vrystaat gehad.

Dippenaar en sy strydgenoot Hennie Visser van Piketberg het die uitwerking van die differensiaal onlangs vir die tweede keer by die Mededingingskommissie aangemeld en vir 'n ondersoek daarvoor gevra.

Dippenaar laat sy vrou, Maritha, twee seuns, 'n dogter en 12 kleinkinders agter. 🕊

Graan SA waarsku koringkrisis is struktureel - versoek dringende ingryping

Suid-Afrika se koringbedryf staan 'n strukturele ekonomiese krisis in die gesig wat nou produsente se voortbestaan, toekomstige aanplantingsbesluite en die land se langtermyn-voedselsekerheid bedreig, het Graan SA gewaarsku ná 'n reeks streeksvergaderings wat regoor die Wes-Kaapse wintergraanproduksiegebiede gehou is.

Die vergaderings, wat in die Swartland, Overberg en Suid-Kaap aangebied is, het koringprodusente, Graan SA-leierskap en ander bedryfsrolspelers byeengebring om die realiteite waarmee die sektor te kampe het, te bespreek. Oor alle streke heen was die boodskap konsekwent en dringend: koringproduksie is onder die huidige mark- en beleidsomstandighede nie meer ekonomies volhoubaar nie en ingryping vanuit die breër waardeketting is krities.

Hierdie betrokkenheid volg op Graan SA se voortgesette openbare waarskuwings oor die koringkrisis, insluitend kommer oor vertraagde tariefreaksie, die tydsberekening van invoere, stygende produksiekoste en toenemende blootstelling aan gesubsidieerde internasionale mededinging.

“Wat ons duidelik en by herhaling gehoor het, is dat produsente nie meer daarvoor praat om nog 'n moeilike seisoen te deurstaan nie,” sê dr Tobias Doyer, uitvoerende hoof van Graan SA. “Hulle bevraagteken dit of koring onder die huidige stelsel steeds 'n plek in hul gewasrotasie het.”

Dr Tobias Doyer.

'n Strukturele knyptang, nie 'n tydelike afswaai nie

Besprekings tydens die streeksvergaderings het Graan SA se standpunt versterk dat die koringkrisis nie slegs aan lae internasionale pryse toegeskryf kan word nie. Produsente het 'n volgehoue prys-koste-knyptang beskryf wat oor verskeie seisoene vererger het, aangedryf deur strukturele mislukkings binne beleid, handel en die waardeketting.

Sleutelkwessies wat deurlopend in streke uitgelig is, sluit in:

- Langdurige wêreldwye prysdruk aan die onderpunt van die internasionale koringprys siklus.
- Stygende produksiekoste, veral energie, kunsmis, logistiek en meganisasie.
- Voortgesette invloed van gesubsidieerde koringinvoere wat direk met plaaslike produksie meeding.
- Vertraagde en onvoldoende implementering van die veranderlike invoertarif, wat die beskermende doel daarvan ondermyn.
- Invoervolumes wat in September en Oktober 'n hoogtepunt bereik, net voor die Wes-Kaap se strooptyd.
- Swak prysoordrag in die waardeketting, wat produsente dwing om wisselvalligheid te absorbeer terwyl verbruikerspryse relatief beskerm bly.
- Die waarde (basiswaarde) van Suid-Afrikaans geproduseerde koring in sekere gebiede wat deur plaaslike differensiale en ongebalanseerde mededingende markkragte ondermyn word.
- Plaaslik geproduseerde hoëgehalte koring wat onregverdig geprys word teenoor ingevoerde koring.

Produsente het beklemtoon dat, terwyl plaashek-koringpryse vinnig afwaarts aanpas, dieselfde aanpasbaarheid nie elders in die waardeketting waargeneem word nie. Ekonomiese ontleding het getoon dat koring 'n relatief klein deel tot die finale broodprys bydra, maar dat produsente 'n oneweredige deel van die afwaartse risiko dra.

“Dit is 'n struktureel verwronge stelsel waar produsente verliese dra terwyl kostedruk elders in die ketting nie teen dieselfde tempo aanpas nie,” sê dr Doyer.

Nodige veranderings vir produsente se lewensvatbaarheid

Gegrond op produsente-bydraes, ekonomiese ontleding en voortgesette betrokkenheid met beleidsmakers, doen Graan SA 'n beroep op dringende, gekoördineerde ingryping om onomkeerbare skade aan die koringsektor te voorkom:

- 'n Volledig responsiewe, geoutomatiseerde invoertarifstelsel wat intyds funksioneer en marktoestande weerpieël, gebaseer op 'n relevante basisverwysingsprys.
- Duidelike ingryping oor die tydskalkulering van koringinvoer, veral gedurende plaaslike stroopvensters.
- Gerigte kosteverligtingsmaatreëls, insluitend energie- en logistieke doeltreffendheidsingrypings.
- Groter deursigtigheid en aanspreeklikheid in waardeketting-prysdinamika.
- Beleidsekerheid om beleggings in koringproduksie, -navorsing en kultivarontwikkeling te beskerm.
- Implementering van die alternatiewe liggingsdifferensiaal op die JSE-koringkontrak, soos tans reeds in die sojaboonmark toegepas word.

Produsente het gewaarsku dat sodra koringkapasiteit verlore gaan, produktiewe grond, vaardighede en infrastruktuur nie maklik herstel kan word nie.

Produsente se oorlewing is 'n nasionale belang

Koringprodusente het beklemtoon dat die gevolge van versuim om op te tree veel verder strek as individuele plase. Verminderde plaaslike produksie verhoog invoerafhanklikheid, ondermyn landelike ekonomieë en stel verbruikers bloot aan groter wêreldwye prys- en aanbodwisselvalligheid.

“Dit gaan nie daaroor om ondoeltreffendheid te beskerm of markkragte te weerstaan nie,” sê dr Doyer. “Dit gaan daaroor om strukturele mislukkings reg te stel wat lewensvatbare produsente uit produksie dwing. As koringprodusente verdwyn, erf Suid-Afrika 'n langtermyn voedselsekerheidsrisiko wat nie oornag opgelos kan word nie.”

Graan SA het bevestig dat die organisasie sy betrokkenheid met die regering, reguleerders, meulenaars, insetverskaffers en ander waardeketting-vennote in die komende maande sal verskerp, terwyl openbare voorspraak verhoog sal word om te verseker dat die koringkrisis aandag kry as 'n strukturele ekonomiese risiko, en nie as 'n tydelike ongerief nie. 📢

Vrystaat, Limpopo se oeste versag die laer produksieskatting

Die 2025-produksieseisoen se koringoes is 1,89 miljoen. Weens 'n groter beginvoorraad aan die begin van die seisoen sal Suid-Afrika ongeveer 1,79 miljoen ton moet invoer. Dit is sowat 5% minder koring as wat in die vorige seisoen ingevoer is.

Volgens die Oesskattingskomitee (NOK) se finale produksieskatting op 26 Februarie 2026 is die koringoes 1 897 220 ton. Dit is 32 780 ton minder as wat in die vorige seisoen gelewer is. Die verwagte opbrengs is 3,67 ton/ha.

Danksy produsente in die Vrystaat en Limpopo se beter oeste as in die 2024-seisoen was die verlies van die Wes-Kaap se kleiner opbrengste minder nadelig in die land se koringvoorraad.

Ongunstige produksietoestande het veroorsaak dat ander wintergewasse se opbrengste ook minder was as in die vorige seisoen. Die NOK se finale syfers wys dat garsproduksie en soetlupine gedaal het.


Kanola bly egter die uitblyker as 'n veelsydige gewas in wisselbou, vir olieproduksie en veevoer. Die eerste seisoen van 1998 se produksie het 22 600 ton beloop. In die 2020/21-seisoen is 165 200 ton geproduseer en die 2025-seisoen se oes beloop 309 035 ton. Die gemiddelde oes van die afgelope vyf jaar was 220 000 ton.

Koring

Die produksie in die Wes-Kaap is 980 100 ton of 52% van die nasionale oes. Vanjaar se oes was 87 100 ton minder as in die 2024-produksieseisoen. In die Noord-Kaap word verwag dat 300 000 ton of 16% van die nasionale oes geproduseer is. Dit is 'n geringe verbetering van 1 700 ton meer koring as in die vorige seisoen.

Die Vrystaat se produksie van 265 050 ton is 39 790 ton meer as in die vorige seisoen. Dit verteenwoordig 14% van die nasionale oes. Limpopo se produksie was eweneens meer as in die vorige seisoen: 165 200 ton teenoor die vorige seisoen se 145 550 ton.

NA BLADSY 9



Figuur 1. Koringproduksie 2015-2025.

Bron: NOK.

Tye van koringinvoer en tariefreaksie

'n Kernkwessie wat tydens Graan SA se streeksvergaderings in die Wes-Kaap na vore gekom het, was die tydsberekening van koringinvoer, veral gedurende die maande net voor die plaaslike oes. Dit lei tot 'n plaaslike ooraanbod. Produsente het gewaarsku dat invoervolumes wat gedurende September en Oktober die mark binnekom, direkte afwaartse druk op plaaslike pryse plaas op die kwesbaarste punt in die produksiesiklus.

Hoewel Suid-Afrika 'n veranderlike koringinvoertarifet wat bedoel is om 'n vlak van beskerming teen lae internasionale pryse te bied, het produsente diepe frustrasie uitgespreek dat administratiewe vertraginge en stadige implementering die meganisme ondoeltreffend maak wanneer dit die nodigste is.

"Die probleem is nie die bestaan van beleidsinstrumente nie, maar hul onvermoë om betyds te reageer," sê dr Tobias Doyer, uitvoerende hoof van Graan SA. " 'n Beskermingsmeganisme wat te laat aktiveer, bied geen beskerming nie."

Mededinging teen subsidies - sonder ondersteuning

Produsente het ook kommer uitgespreek oor Suid-Afrika se posisie in die wêreldwye koringmark, waar plaaslike produsente mededinging teen invoere uit lande wat hul koringsektore aktief ondersteun deur subsidies, versekeringsmeganismes en direkte kosteverligting.

In teenstelling hiermee ontvang Suid-Afrikaanse koringprodusente geen direkte produksie-ondersteuning nie en is hoofsaaklik afhanklik van markgebaseerde meganismes wat tans nie voldoende op strukturele druk reageer nie.

Hierdie wanbalans, het produsente gewaarsku, versnel die uittrede van andersins lewensvatbare boere uit koringproduksie, verhoog Suid-Afrika se langtermyn afhanklikheid van invoer en stel die land aan wêreldwye aanbodskotte bloot.

Ongebalanseerde mededinging in die fisiese mark – JSE-liggingsdifferensiaal

Produsente het ook ernstige kommer uitgespreek oor die funksionering van die plaaslike fisiese koringmark, veral die wisselwerking tussen die SAFEX-verwysingsprys op die JSE en die huidige liggingsdifferensiaal.

Volgens produsente weerspieël die kombinasie van die verwysingsprys en liggingsdifferensiaal nie meer die realiteite van die fisiese mark nie en dit skep 'n struktureel onmededingende omgewing op plaasvlak.

Graan SA het gesê dat die organisasie aktief betrokke is by gesprekke oor die alternatiewe differensiaal meganismes wat tans oorweeg word, en sal voortgaan om prosesse te ondersteun wat daarop gemik is om mededingende wanbalanse in die mark reg te stel. 🌱

Geen vee met BKS-risiko vanjaar by Nampo

Een van Nampo se gewilde besoekpunte, die vee-uitstallings en -vertonings, sal nie vanjaar plaasvind nie weens die risiko en beperkings van bek-en-klouseer (BKS). Graan SA en Nampo se bestuur het in oorleg met telersgenootskappe en relevante rolspelers besluit dat geen gekloofde hoëdiere toegelaat gaan word nie. Nampo vind van 12 tot 15 Mei 2026 op Nampo Park plaas.

Die vee wat nie toegelaat gaan word nie, sluit beeste, skaape, bokke en varke in. Diere wat nie die risiko van bek-en-klouseer dra nie, soos perde, honde en pluimvee, sal onder streng maatreëls van bioveiligheid toegelaat word.

In 'n verklaring van Graan SA sê Danie Minnaar, voorsitter van die Oesdagkomitee, dat hulle as beskermers van bioveiligheid nie die risiko kan neem om 'n platform te skep vir 'n bedreiging wat nie doeltreffend beheer kan word nie.

Kundiges se menings is vir die besluit in aanmerking geneem. Hulle het bevestig dat bestaande maatreëls slegs die risiko tydens grootskaalse geleenthede soos Nampo kan beperk maar dit nie kan uitkakel nie. Die kansellering van die Bloem-skou en aanbevelings van die Vrystaatse departement van landbou beklemtoon volgens Graan SA die erns van BKS.

Telersgenootskappe sal egter steeds uitstallings op Nampo hê en beman. Met die gebruik van tegnologie en ander metodes kan hulle die geleentheid benut om genetiese kenmerke, prestasies en produksiewaardes aan belangstellendes oor te dra.

Nampo sal terselfdertyd die geleentheid vir opvoeding oor BKS gebruik om bewusmaking onder produsente, rolspelers en

die besoekers oor te dra.

Minnaar sê dat verantwoordelike besluitneming soms lei tot moeilike stappe wat betyds geneem moet word. "Hierdie besluit is in die beste belang van die bedryf, produsente en Suid-Afrika se dieregesondheid geneem." 🌱

Uitstallings moet spring vir Nampo Kaap in September

Nampo Kaap se skoudatums is vasgestel op 9 tot 12 September 2026 by Bredasdorp-park in die Overberg. Aansoeke vir uitstallings sluit 31 Mei 2026 en aansoeke vir nuwe uitstallings sal gedurende Junie 2026 verwerk word. Vorige uitstallings het die eerste keuse vir herbesprekings. Weens die groot aanvraag kan nuwe aansoeke net geakkommodeer word indien vorige uitstallings hul plek kanselleer. Die organiseerders gee voorkeur aan landbou- en landbouverwante uitstallings. 🌱

Vrystaat, Limpopo se oeste versag die laer produksieskatting

VAN BLADSY 7

Die oppervlakteskatting vir koring is 517 300 ha, waarvan 'n geraamde 363 000 ha of 70% in die Wes-Kaap geplant is, 57 000 ha of 11% in die Vrystaat en 40 000 ha of 8% in die Noord-Kaap.

Ander gewasse


Gars: Die produksieskatting vir gars is 346 430 ton. Die oppervlakte beplant word beraam op 96 950 ha, terwyl die verwagte opbrengs 3,57 ton/ha beloop.

Die **kanola**-oes is 309 035 ton. Dit is die grootste kanola-oes op rekord. Die oppervlakteskatting vir kanola is 174 515 ha, met 'n verwagte opbrengs van 1,77 ton/ha.

Hawer: Die oes vir die 2025-seisoen is 45 143 ton. Die oppervlakteskatting is 35 520 ha. Die verwagte opbrengs is 1,27 ton/ha.


In die geval van **soetlupine** is die produksieskatting 17 850 ton. Die oppervlakte beplant met soetlupine is 21 000 ha, en die verwagte opbrengs is 0,85 ton/ha.

Die NOK se voornemens om wintergewasse vir 2026 te plant word 23 April 2026 vrygestel. Meer inligting oor die NOK se statistiek is op SAGIS se webtuiste beskikbaar by www.sagis.co.za onder die opskrif 'non-SAGIS info - Crop Estimates Committee'.



Figuur 2. Garsproduksie 2015-2025.

Bron: NOK.



Figuur 3. Kanola-produksie 2015-2025.

Bron: NOK.

Tabel 1. Wintergewasse: oppervlakteskatting en finale produksieskatting, 2025-produksieseisoen.

GEWAS	Oppv. beplant 2025 Ha	Oppv. beplant 2024 Ha	Finale oesskatting 2025 (A) Ton	Finale oes 2024 (B) Ton	Verandering A : B Ton
Kommersiële:					
Koring	517 300	505 300	1 897 220	1 930 000	-32 780
Gars	96 950	100 700	346 430	372 250	-25 820
Kanola	174 515	165 750	309 035	290 400	+18 635
Hawer	35 520	31 000	45 143	43 400	+1 743
Soetlupine	21 000	16 000	17 850	19 200	-1 350
Totaal	845 285	818 750	2 615 678	2 655 250	-39 572

1) Slegs kommersiële. Uitgesluit gars of hawer wat gebruik word as weiding, kuilvoer, hooi en/of op die plaas as veevoer.

Nasionale Oesskatting Komitee.

Belê in Pure Koring-potensiaal

Sensako se **koringkultivars** is spesifiek geteel vir droëland toestande in die **sentrale produksiegebiede**. Ons help jou om **goeie planne in goeie opbrengs** om te sit. Kies een van ons **top-presterende koringkultivars**.

SST 356
SST 374
SST 3197

Ons help jou groei

w | syngenta.co.za
f | SENSAKO
yt | SENSAKO
t | 27 (0) 58 303 4690



Growing skills for a stronger grain industry

An invitation to interns and value chain partners

In mid-January 2026, Peritum College welcomed its first group of interns into the Occupational Certificate: Grain Depot Manager programme - a milestone moment for both the college and South Africa's grain storage industry. The energy, curiosity, and commitment shown by this first intake confirmed something the industry already knows: the future of grain handling depends on developing skilled, workplace-ready professionals.

Mariana Purnell
CONTRIBUTOR

This qualification was developed by Agbiz Grain, the recognised business chamber for grain handling and storage in South Africa, and is fully registered with the South African Qualifications Authority (SAQA). With 235 credits, it is a substantial, industry-aligned qualification that prepares students for real careers - not just academic success.

A qualification built around real work

The Occupational Certificate: Grain Depot Manager consists of seven modules, each delivered through three equally important components: Theoretical learning; Practical application and Structured workplace experience.

Students are registered at Peritum College for the duration of their studies, while also being placed at grain depots and other industry role players to gain hands-on experience. This close partnership between education and industry ensures that learning is immediately relevant and applied.

Over the two-year academic period, students attend only 18 days on campus in Bloemfontein, with the remainder of learning taking place online or in the workplace. Three modules are offered through online TEAMS-based classes, while four require limited on-campus attendance. This blended approach makes the programme accessible while maintaining high academic standards.

A clear, supported learning journey

Year 1 focuses on foundational knowledge, combined with 20 weeks of unpaid practical exposure at a grain depot, while Year

2 includes 10 months of workplace placement with a study allowance, alongside part-time studies and compulsory grain grading short courses. Year 3 places students as full-time, paid contract workers, allowing them to complete the workplace hours required for qualification and prepare for the final exam.

Almost one-third of the qualification is dedicated to workplace experience, reflecting the reality that grain depot management is learned by doing.

Why companies matter and also benefit

The success of this programme depends on industry participation. Host companies provide students with structured exposure, while Peritum ensures contracts, monitoring, and continuous support. In return, companies gain early access to motivated, trained individuals who understand modern compliance, quality management, and operational realities.

By the end of Year 3, companies may negotiate permanent employment, thus reducing recruitment risk and strengthening succession planning.

A career with purpose and opportunity

South Africa's grain storage industry faces a critical shortage of skilled professionals. This qualification offers a clear pathway into a stable, meaningful career that supports national food security.

Peritum College is known for its highly structured programmes and strong student support, with consistently high success rates. For dedicated students, and also forward-thinking companies, this programme is more than training. It is an investment in the future of the grain industry.

Aspiring interns and industry partners are invited to be part of this journey.

Peritum College contact details:
Email - info@peritumagri.com
Phone - 051 451 1120 (during office hours). 📞



Seven interns registered for the 2026 Grain Depot Manager programme at Peritum College. Mariana Purnell (front left) is the facilitator of two modules namely Handling Operations Management and Quality Control and Management of Stored Grain.



'n Aanplanting van Nuseed Ceres-kanola in die Swartland.

Nuseed Ceres IMI – 'n Unieke opsie vir uitdagende kanola-seisoene

Navorsing en ontwikkeling vorm 'n kernpilaar van Agricol se kanola-strategie. Hierdie fokus strek verder as slegs produkontwikkeling en sluit ook die deeglike evaluering van kultivars onder plaaslike toestande in. Deur volgehoue plaaslike proewe, asook eksklusiewe samewerking met internasionale saadmaatskappye, word kultivars eers volledig getoets voordat dit kommersieel in Suid-Afrika beskikbaar gestel word.

Jaco Jacobs
AGRICOL

Agricol se kanola-pakket sluit 'n reeks triasien-tolerante kultivars asook konvensionele basters in, met Nuseed Ceres IMI as die nuutste toevoeging tot die Clearfield®-pakket.

Elke kanola-seisoen bring eiesoortige uitdagings mee en daarom is 'n gebalanseerde pakketbenadering noodsaaklik. Nuseed Ceres IMI vul hierdie behoefte uitstekend aan. As 'n kortgroeier Clearfield®-kultivar bied dit aan produsente 'n waardevolle opsie in gebiede waar plante se groeiseisoen soms beperk is of waar die reëseisoen geneig is om vroeër af te neem.

Aanpasbaarheid en agronomiese eienskappe

Nuseed Ceres IMI is veral geskik vir:

- Gebiede waar kultivars met korter groeiseisoene beter presteer;
- Streke met vroeë seisoenaftroging;
- Goed gedreineerde gronde en gronde met 'n hoër klipfraksie;
- Hoëpotensiaalgronde waar saaidigtheid afwaarts aangepas behoort te word weens die kultivar se vermoë om hoë biomassa te produseer.

Nuseed Ceres IMI is 'n unieke kultivar in die plaaslike Clearfield®-segment as gevolg van sy kort groeiseisoen en hoë opbrengspotensiaal.

Opbrengsprestasie

In sy eerste kommersiële seisoen het Nuseed Ceres IMI uitstekende opbrengste gelewer in verskeie produksiegebiede. In die Albertinia-omgewing is opbrengste van tot 3 ton/ha behaal, terwyl opbrengste in die Riversdal- en Heidelberg-gebied tussen 2,6 en 2,8 ton/ha gewissel het. In die Caledon- en Greyton-omgewing is opbrengste van ongeveer 2,5 ton/ha aangeteken, met die Swartland wat tussen 2,2 en 2,4 ton/ha gelewer het.

Hierdie prestasie word verder ondersteun deur resultate uit die Departement van Landbou se kultivar-evalueringsproewe. Oor die afgelope drie seisoene het Nuseed Ceres IMI in die Swartland 'n gemiddelde opbrengs van ongeveer 2,6 ton/ha gelewer, terwyl die Suid-Kaap 'n gemiddelde van ongeveer 2,9 ton/ha aangeteken het.

Met sy bewese opbrengsstabiliteit, kort groeiseisoen en goeie aanpasbaarheid is Nuseed Ceres IMI 'n waardevolle toevoeging tot enige kanola-pakket.



Kontak die naaste Agricol-verteenwoordiger vir 'n spesifieke area-aanbeveling of besoek www.agricol.co.za.

Geen kitsoplossing vir produsente se koringknyptang nie

Geen individuele manier om koringprodusente se kostedruk te verlig gaan alleen 'n vinnige oplossing bring vir die huidige situasie in die bedryf nie - nie wit koring, die verslapping van vrystellingsnorme of besparings met saad-aankope, bemesting en swamdoderbespuitings nie. Saam met regulatoriese beperkings kan die verhouding van prys vir kwaliteit eerder aandag kry.

Uit 'n koringteler se oogpunt berus plaaslike koringprodusente se grootste beperking by die verhouding van prys vir kwaliteit, meen dr André du Toit, direkteur van navorsing en ontwikkeling by SA Seed. Hy beklemtoon dat die kwaliteit van plaaslike koring onder die beste ter wêreld is, soortgelyk aan harde rooikoring uit Kanada, Australië en die VSA.

Wanneer vergelykings getref word met kultivars wat hoër opbrengs lewer, behoort appels met appels vergelyk te word, waarsku dr Du Toit. Geen kultivar kan sonder vog 'n goeie opbrengs lewer nie.

Dit is 'n wanopvatting dat koringkultivars veel hoër opbrengste gaan lewer indien vrystellingsnorme verslap word, sê dr Du Toit. Sulke kultivars lewer nie noodwendig 20% tot 30% hoër opbrengste as die bestaande kultivars nie. Hoe hoër die opbrengs is, hoe groter is die risiko dat dit voergraad gaan wees. Voeg daarby dat voergraadkoring dan nader aan die huidige geelmielieprys beweeg en dat die produsenteprys onder groter druk kan kom. Suid-Afrika moet eerder aanhou om hoëkwaliteitkoring te produseer.

Vir plaaslike koringprodusente om 'n premie op hul kwaliteitkoring in veral die Wes-Kaap te verdien sal dit raadsaam wees om direk met meulenaars te onderhandel waartydens die Safex-prys nie van toepassing is nie.

Danksy kultivarteling is plaaslike koring se opbrengsverbetering hoër as in ander produserende lande. Met genetiese ontwikkeling behaal Suid-Afrika se telers jaarliks 'n verbetering van 2% in die afgelope tien jaar. Dit is twee keer beter as wat in Australië en Kanada bereik word. Die internasionale norm vir koring se opbrengsverbetering is 1,0%. Die internasionale sentrum vir mielie- en koringteling, Cimmyt, het bereken as opbrengste te midde van klimaatsverandering net gehandhaaf kan word sal dit reeds 'n prestasie wees.

